education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT-
EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

MODEL 2009
LETTERKUNDE
MEMORANDUM

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE/ MEMORANDUM VAN PUNTETOEKENNING

AFDELING A: DIGKUNS

VRAAG 1: Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede T.T. Cloete

Die spreker voer aan dat die studente aan universiteite halfgeleer is omdat hulle meer in sport as in hul studies belangstel. Ook is daar te veel universiteite waar die dosente meer geÏnteresseerd is in sosiale verpligtinge as in akademiese werk.

Wat die sosiale lewe betref, is Suid-Afrikaners te veel in die buitelug besig met sport en vleisbraai. Die spreker spot ook met die groot aantal skoonheidskompetisies wat nie op ware, innerlike skoonheid fokus nie. Koerante het te oppervlakkig geword en stel misdadigers soos helde voor.

Daar is ‘n gebrek aan ‘n leeskultuur en kunswaardering. Mense is meer in die buitelug as binne waar hulle voor kaggels kan lees.

Die spreker verkies ‘n samelewing waar mense waardering het vir dieper waardes en kreatiwiteit bo die oppervlakkige verkies.

[10]

VRAAG 2

Die straatkind Linda Roos

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU en AS	BARRETT
2.1	‘n Verbyganger/ ‘n waarnemer/ ‘n eerstepersoonsverteller/ ‘n gegoede Persoon √	1	2.2.2.5	1
2.2	Om die vermyding te beklemtoon/ Die spreker wou nie betrokke raak nie √	1	2.2.4.7	1
2.3	‘snuif’ √	1	2.2.4.7	1
2.4	‘sy skraal skouers gereed dra soos spiese’ √ Dit beklemtoon die straatkind wat gereedmaak om aan te val/ sy vyandigheid teenoor die samelewing/ Sy pogings om hom teen die samelewing te beskerm. √	2	2.2.4.8	3
2.5	Dit wat verskuil/ toegepleister was, √ is nou openbaar. √	2	2.2.2.5	3
2.6	Hulle sterf/ ly onskuldig. √	1	2.2.4.8	3
2.7	Ekstra/ meer inligting word gegee oor die wysheid in die lug. √	1	2.2.4.8	3
2.8	Onbetrokkenheid √	1	2.2.2.6	2

VRAAG 3: Man met flits **D.J. Opperman**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU en AS	BARRETT
3.1	Dit gaan nie oor 'n spesifieke man nie, maar oor die universele mens. √	1	2.2.2.2	2
3.2	Koeplette √	1	2.2.4.8	1
3.3	Die twee lae van die gedig (lig en intellek) word deur die twee versreëls (koeplette) ondersteun. √ Die man soek werklik na voorwerpe in die lig, maar worstel ook om met sy denke/intellek om dinge te begryp/te verstaan. √	2	2.2.4.8	3
3.4	"'n klip soos 'n bok" √ vergelyking √	2	2.2.4.7	3
3.5	konkreet – Dui op die man wat met 'n flitslig soek√ abstrak – Dui op die wete/ die intellek van die mens wat die onverstaanbare begryp. √	2	2.2.4.8	3
3.6	Die donker/ duisternis word meer/ neem toe. √ Die lig (insig) word dowwer en vaer. √	2	2.2.4.7	3

[10]

VRAAG 4: Skoppensboer **E N Marais**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU en AS	BARRETT
4.1	Verwys na 'n kaartspel/klawerjas √ Verwys na die dood √	2	2.2.2.4	3
4.2	Eerstepersoonsspreker √	1	2.2.2.5	1
4.3	Beveiliging van jou besittings √	1	2.2.4.7	1
4.4	Die dood √	1	2.2.4.7	3
4.5	"Grap" √	1	2.2..4.7	1
4.6	Huurders/tydelik op aarde √	1	2.2.2.1	1
4.7	Dui die/beklemtoon die beslistheid van die spreker se standpunt. √	1	2.2.4.7	3
4.8	Inkeping √	1	2.2.4.2	1
4.9	Lewe teenoor dood √	1	2.2.4.7	3

VRAAG 5: Opstanding **D Louw**

In hierdie gedig word die gestorwe spreker en kosmos gelyk gestel aan mekaar. Die metafoor ontstaan in die opdrag van die spreker in reël 7 en die motivering daarvan in reël 8. In reël 9 vind 'n wending plaas wanneer die spreker die eenvoudige, gratis kosmosblomme wat niks moeite verg nie, op hom/haarself van toepassing maak as hy/sy hom/haar as niks beskou nie. Dit kan beteken dat hy/sy eenvoudig en niksbeduidend is (soos die kosmosblomme) en eintlik ook nikswerd is nie en tot niks kom nie. In die dood is jy die groot niks deelagtig, tot die oordeelsdag, wanneer die spreker 'n opstanding van die vlees verwag. Hy/sy sterf, maar sal weer "vlesig" opstaan (reël 9 en titel) en blom (soos die kosmosblomme) in die oordeelsdag. Hulle kom net op en blom.(130 woorde)

VRAAG 6: Opstanding

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU en AS	BARRETT
6.1	Die spreker se geliefde/iemand naby aan hom/haar, √want hy/sy moet die spreker onthou/begrawe. √	2	2.2.2.4	3
6.2	Hy/sy sê dat hy/sy op 'n Woensdag begrawe moet word √ en dat daar kosmos op sy/haar graf geplant moet word. √	2	2.2.2.1	3
6.3	Vrye vers/Praatpoësie. √Geen vaste strofebou, geen vaste rymskema, wisselende versreëllengtes, afwesigheid van leestekens. (Een rede wat antwoord motiveer.) √	2	2.2.4.8	3
6.4	Niks = gratis blomme (kos mos niks) √op nikswerd mens (nietige gestorwene, waarvan niks oorbly nie) se graf. √	2	2.2.4.8	3
6.5	'wat eendag vlesig weer moet blom' √	1	2.2.4.6	2
6.6	Terwille van die rym met 'kom'√	1	2.2.1	1

AFDELING B: ROMAN

VRAAG 7: DIE-KWART-VOOR-SEWE-LELIE **Eleanore Baker**

OPSTELVRAAG

INLEIDING

- Die emansipasie van die vrou het laat in die negentiende eeu begin
- Daar het al hoe meer stemme opgegaan vir meer vroueregte (bv. stemreg)
- Later het stemme opgegaan vir die gelykheid van vroue met mans op alle vlakke.
- Vrouens moes as gelykes van mans beskou en behandel word

MA ELSA

- Ma was nie die strereotipe moeder nie.
- In plaas daarvan dat sy haar kinders grootmaak, maak Johanna hulle groot.
- Sy is vertrooid en vergeetagtig
- Sy kan nie kook nie (nie ‘n goeie kok nie), het nie huishouvernuf nie
- Sy hou mes lomp vas
- Sy is meer in die tuin as in die huis.
- Sy maak haar dogters redelik liberaal groot
- Sy tob nie oor haar dogters se sedes nie.
- Sy is onkonvensioneel (oortuig ‘n dief om nie van hul te steel nie)
- Op die plaas sluit sy by ‘n groep aan (Die Spieël) wat glo in reïnkarnasie en spiritualisme en met voorvadergeeste praat.
- Maar aan die einde gaan woon sy tevrede op die plaas

ELSA

- Verteenwoordig die deursnee Afrikaanse vrou en haar droom: man, huis, kinders oorsese reise ens.
- Elsa is prakties, doelgerig en tree bepland op,onemosioneel
- Sy is nugterdenkend, suinig
- Haar lewe het aanvanklik sonder probleme verloop en presies soos wat sy dit beplan het

KARA

- Sy is diepsinnig en kunssinnig
- Sy is eksoties
- Trou met Claude bruinman
- Eers wou sy geen babas gehad het nie
- Verander van mening wil ‘n broeikas word
- Wil multikleurige kinders hê (reënboogkinders)
- Sy steur haar nie aan die politieke situasie van dié tyd in Suid-Afrika nie.
- Hul sou hul dus veral in Suid-Afrika die misnoeë van hul vriende,familie en die owerhede op die hals haal
- Sou moeilik in Suid-Afrika kom kuier het

IRIS

- Iris skep haar eie fantasiewêreld om van daaglikse oninteressanhede te ontsnap
- Voel dikwels soos ‘n Aspoestertjie
- Leef in ‘n romantiese verbeeldingswêreld/fantasiewêreld
- Sy het ‘n romantiese en verbeeldingryke uitkyk op die lewe
- Sy is ‘n dromer, naïef, kinderlik eerlik, impulsief
- Sy wil haar emansipeer van die beperkings van die middelklasgesin; maar sy het nie die moed om dit deur te voer nie
- Sy lewe altyd in afwagting op haar groot blomoomblik
- Sy is op soek na meer as net die doodgewone voorstedelike bestaan van ‘n doodgewone huisvrou
- Sy twyfel oor die waarde van die huwelik (sien die hartseer van egskeiding en hoe mense (haar susters) verander in die huwelik
- Haar verhoudings is almal fisiek en nie emosioneel nie
- Sy ervaar die verlies aan haar maagdelikheid as traak-my-nieagtig

- Sy is nie beroepsgerig nie
- Haar mening word nooit as belangrik beskou nie
- Sy is onwillig om te trou
- Sy stel 'n romantiese herontmoeting met Peter in die vooruitsig
- Iris kan nie verder baklei teen die verlange na Peter se nabyheid nie.
- Aan die einde verval sy juis in 'n bestaan wat sy nie wou gehad het nie (die van doodgewone voorstedelike vrou)
- Aan die einde het haar dagdrome ook opgedroog
- Ironies word sy juis 'n getroue eggenote wat haar plek in die familie en die gemeenskap vol staan (soos wat daar van haar verwag word)
- Die alledaagse roetine het die buitengewone verdring

EIE MENING

- Die realiteit van die geroetineerde voorstedelike bestaan kan net so magies wees
- 'n Mens kan ook gelukkig wees in 'n standvastige lewe
- Nie een van die vrouens was werklik geëemansipeerd nie: hulle het uiteindelik tog maar in die getroude lewe gekonformeer

VRAAG 8: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE Eleanore Baker

KONTEKS VRAAG

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU en AS	BARRETT
8.1	Die gebeure in die uittreksel vind plaas by Kara in Parys.√ Kara en Claude het vir haar 'n partytjie gereël om haar te verwelkom. √	2	2.2.2.9	1
8.2	Iris√	1	2.2.2.2	1
8.3	Kara en Iris (my) is susters. √ Claude is Kara se vriend/toekomstige man √	2	2.2.1	1
8.4.1	Suid-Afrika. √	1	2.2.2.4	1
8.4.2	Die roman speel tydends die apartheidsjare in Suid-Afrika af. √ Die meeste mense in die buiteland het 'n afkeur aan die apartheidbeleid gehad. √	2	2.2.2.3	2
8.5	Die Engel staan die spreker (Iris) by √ omdat sy onsteld is. √/ Die Engel wil haar beskerm √ omdat sy ontsteld is. √	2	2.2.4.3	3
8.6	Dit was haar eerste ontmoeting tussen haar en die Engel. √ Sy wou alleen wees om die verskynsel te verwerk. √	2	2.2.4.3	3
8.7	In Amerika het Joe Pryor ook haar besonderse skoonheid/ haar interessante gesig raakgesien en haar as 'n potensiële model beskou. √	2	2.2.4.4	3
8.8	Sy het aan hom gesê dat sy 'n kamera het. Só het sy die fokus van haar weggeneem. Sy dink dat dit vakansiefoto's is en nie foto's van haarself nie √	1	2.2.4.4	3
8.9	Dr. Anders √	1	2.2.1	1
8.10.1	Die parentese gee meer inligting oor die spreker/aangesprokense se gevoel. √	1	2.2.2.2	1

8.10.2	Die spreker/Iris wou eers die ontmoeting self verwerk. √	1	2.2.4.4	3
8.11	'gesnork' √	1	2.2.2.1	1
8.12	Frankryk √	1	2.2.2.1	1
8.13	Naïef/ nie wêreldwys nie. √	1	2.2.2.4	2
8.14	Dialoog√	1	2.2.2.3	2
8.15	Ekverteller/Eerstepersoonsverteller√	1	2.2.4.1	1
8.16	Die verhaal handel oor die verteller (Iris) se denke en ervarings. Dit is die verteller (Iris) se eie storie. Dit verleen egtheid/geloofwaardigheid aan die storie (Enige een) √	1	2.2.4.8	2
8.17	Sy moes uitvind of hulle (Kara en Claude) gaan trou. √	1	2.2.4.8	2
8.18.1	Billy die (swart) taxibestuurder (in New York) √	1	2.2.2.1	1.
8.18.2	Niemand in haar land/familie/vriende wou na haar luister nie, maar iemand in die vreemde is bereid om na haar te luister. √	1	2.2.2.6	2

[25]

VRAAG 9

OPSTELVRAAG: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS **Pieter Pieterse**

Die Afrika-ruimte speel 'n belangrike rol in *Manaka.* Die gebeure speel af teen die ongerepte, onontwikkelde omgewing van Borotseland, die Westelike provinsie van Zambië, op die wal van die Zambezi-rivier, op die plek genaamd Manaka. Die eenvoudige onmstandighede waaronder die plaaslike bevolking leef is opvallend.

Die paaie is onbegaanbaar en vol slaggate en spoelslote. Primitiewe gehuggies, troppies beeste, bokke en nuuskierige kinders wat uit graanlandjies storm, is tekens van lewe in die gebied. Die omgewing van die Zambezi is ryk aan voëllewe onder andere dwergganse, bosuile en witkoluiltjies. In die winterseisoen trek troppe bokke en wild deur die gebied. By die rivier wemel dit van krokodille en seekoeie. Die plantegroei is tropies en subtropies. Die klimaat is drukkend warm en in die reënvalseisoen val baie reën wat die riviervlak baie vinnig laat styg.

Oorheersend is die rol wat die Zambezi in die lewe van die hoofkarakter speel. Reeds as klein seuntjie is hy gefassineer deur skuite en raak dit sy lewensdroom om sy oupagrootjie se ideaal te verwesenlik. Hy wil die Zambesi tem. Die rivier en omgewing speel ook 'n sentrale rol in die herinterpretasie van sy lewensdoel en die verkryging van 'n breër begrip van sy ware identiteit.

Dit is in die waters van die Zambezi waar malaria algemeen voorkom - die siekte wat die karakters se lewens direk beïnvloed. Dit is omdat Baas gehelp het toe Grace malaria gekry het dat sy Baas kom versorg toe hy deur die siekte platgetrek word. Dit het ook daarna 'n invloed op sy optrede teenoor die mense om hom, soos die sendelinge.

Die ruimte word dikwels ingespan om stemming te skep. Aan die begin van die verhaal word die omgewing en voëlgeluide opgeroep. Die ruimte is groots en ongerep, daar is 'n

gevoel van opwinding, van onontginde potensiaal. Later word die Ngonyewaterval beskryf en 'n mens voel Baas se magteloosheid voor die woeste krag van die natuur aan.

Die Lozi-mense en hul gebruike vorm ook deel van die ruimte. Teen hierdie agtergrond moet Baas en die sendelinge hulle werk doen. Die bestuurstelsel van die distrik raak simbolies van Afrika: die korrupsie en selfverryking van die khuta, word enersyds genoem, maar aan die ander kant staan die mededeelsaamheid van die mense: hulle is almal op mekaar aangewese en dit moet die wit mense wat in hul omgewing kom bly, ook aanvaar.

Ruimte as struktuuraspek word in *Manaka* funksioneel aangewend en dit is duidelik dat dit bydra tot karakterisering, spanning en atmosfeer.

VRAAG 10

KONTEKSVRAAG: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS) Pieter Pieterse

Vraag	Antwoord	Punt	LU en AS	Barrett
10.1	Plek van die Horings.√ Baas se oupagrootjie het die koppe van die wild wat hy geskiet het as grensbakens teen die bome vasgekap. √	2	2.2.4.4	2
10.2.1	Zambezi Joy √ Zambezi Grace√	2	2.2.2.1	1
10.2.2	Mark James. √	1	2.2.2.1	1
10.3	As gevolg van beter paaie en vinniger padvervoer wurg die rivier transport dood√ en veroorsaak dit dat die Zambesi Buffalo Transport nie meer bedryf word nie.	1	2.2.4.4	2
10.4	Baas wil die boot gebruik om toerisme op die Zambezi te bevorder. √ Hy wil die boot gebruik om Europeërs en Amerikaners bloot te stel aan ongerepte Afrika en vir hulle wys hoe die mense van die Zambezi leef. √	2	2.2.4.3	3
10.5	Die kiaathoutbankies wat Baas Dennis Chipman (Baas se oupagrootjie) gebou het en wat onder die worsboom gestaan het. √	1	2.2.2.1	1
10.6	Meneer Whitey (wat vir hom kiaathout gee), meneer Johnnie (wat hom help om die bankies te maak) en Grace (wat hom help om dit klaar te maak). Enige twee. √√	2	2.2.4.4	2
10.7	Lady is 'n taankleurige Whippet-windhondteef√, wat hy by sy neef Baas gekry het. √	2	2.2.2.1.	1
10.8	Die khuta buit Baas uit deur die konsessie te verdeel en te verhoog. √ Hy beskadig ook sy Land Rover met die (gratis) vervoer van die khuta se pale. √ Hy gee ook vleis en medisyne weg en op die manier boer hy agteruit.	2	2.2.4.6.	4
10.9	Die Raad van oumanne/die indoena-owerheid√	1	2.2.2.1	1
10.10	Dit maak die verhaal/die karakter meer geloofwaardig./Dit situeer die konteks van die verhaal. √	1	2.2.4.6	3
10.11	Mans word as 'meneer' aangespreek,bv. Meneer Johnnie, Mister Baas/Chisupo. √			

	Die Lozi's klap vir mekaar hande as teken van respek. √	2	2.2.4.5	3
10.12	Die prediker wat baie Huil. √ Oom Scholtzie se oë traan as hy ontsteld raak (a.g.v. sy katarakte) √	2	2.2.2.1	1
10.13	Meneer Daimon √ Meneer Kebbey√ Hoofindoena van die khuta Ngambela Haar oom√ Haar neef√ \ / Grace	4	2.2.4.5	3

VRAAG 11

OPSTELVRAAG: VATMAAR **A.H.M/ Scholtz**

Inleiding

Corporal Lewis was 'n Britse soldaat tydens die Anglo-Boereoorlog en dis in daardie tyd dat hy en Oom Chai mekaar ontmoet het toe laasgenoemde by die Britse oorlogspogings diens gedoen het.

Oom Chai en sy bruin makkers moet help om die Afrikaners se plaashuise te vernietig en af te brand sodra die Afrikanervrou en die kinders na die konsentraskampe weggevoer was.

Op 'n dag het hy 'n plan bedink vir die herwinning van die boumateriaal van sekere van hierdie plaashuise voordat hulle dit aan die brand sou steek. Vir hierdie doel het hy ook vir Ta Vuurmaak 'n Griekwa en mede-makker, ingespan. Hulle sou van die boumateriaal, veral die dakplate, hou en dan wegsteek en weer kom haal. Ta Vuurmaak moes daaroor waghou. Hierdie goed is "vatmaar-goed" genoem.

Teen die einde van die oorlog het oom Chai en Corporal Lewis die gebruikte sinkplate en ander herwonne boumateriaal kom haal en onder mekaar verdeel.

Die titelwoord "Vatmaar" verwys na 'n openheid ten opsigte van besit. Eienaarskap is op verskillende vlakke ter sprake. Minstens drie grondbesitkwessies word aangeroer: die beslaglegging op landbougrond, weiding en waterbronne deur die Nederlandse en Engelse koloniale owerhede en trekboere; die beslaglegging op die diamantvelde en die Anglo-Boereoorlog.

Ta Vuurmaak meld dat 'n grondbeginsel in die Griekwa-kultuur is om te deel met jou broer wat behoefte het. Hy noem ook dat die koloniseerders die begrip "steel" ingevoer het.

Oom Chai aanvaar die Afrikaners, maar is teleurgesteld omdat hulle "ons vaderland net vir hulleself wil hê …"

Die witmense het ook die werkers as hul eiendom beskou. Mineer De Bruin sê byvoorbeeld van Onie-as: "Hy is my kaffir."

Die diamantverhale in die roman, veral dié van Sus Bet en Oom Flip, illustreer die onreg van die diamantwette teenoor die eerste inwoners van die land. Die leser kan daarom simpatek staan teenoor Sus Bet en Oom Flip se "diefstal" van die diamante.

Met die totstandkoming van die nedersetting "Vatmaar" besit die nuwe intrekkers net die hoekpenne en nie die grond nie.

"Vat" het die betekenismoontlikheid van "om te vat of te neem". Oom Flip het twee ongeslypte diamante gevat en hy en Sus Bet het dit verkoop. Daar word ook van die witmense gesê: "Hulle vat altyd die beste vir hulle." Brit en Boer het tydens die Tweede Vryheidsoorlog die swart mense se weiding en vee gevat en nikswerd papiere as kwitansies gegee. Ruth se mense het baie in die oorlog verloor. Wit mans word aangekla dat hulle vroulike werknemers gevat het om hul seksuele begeertes te bevredig.

"Maar" kan beteken:
"net" of "slegs";
"regtig, nogal, inderdaad", soos in "Ons sal maar probeer" en
"gerus" soos in "doen dit maar"

"Vatmaar" kan dus beteken
neem of vat net;
neem of vat aanhoudend;
neem of vat gerus, soos die inwoners met mekaar gedeel het;

Die naam "Vatmaar" suggereer dat die bruin mense 'n bestaan gemaak het uit die oorskiet van blankes, soos blyk uit die gebruik van die ou saal as kerkgebou.

Die naam dui ook aan dat die inwoners van die nedersetting met mekaar wil deel; dat hulle toelaat dat ander ook "maar vat".

[25]

VRAAG 12

KONTEKSTUELE VRAAG: VATMAAR **A.H.M. Scholtz**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU en AS	BAR RETT
12.1	Die gebeure in die uittreksel vind plaas by die begrafnis van Ouma Lewies, ✓ die eerste begrafnis op Vatmaar. ✓	2	2.2.2.1	1
12.2.1	Corporal Lewis was 'n Britse soldaat ✓tydens die Anglo-Boereoorlog en dis in daardie tyd dat hy en Oom Chai, mekaar ontmoet het toe laasgenoemde by die Britse oorlogspogings diens gedoen het as een van die Queen se "Cape Boys". ✓Hulle het die Afrikaners se plaashuisete vernietig en afge -brand✓ sodra die Afrikanervrou en hul kinders na die konsentrasiekampe weggevoer word.	3	2.2.4.4	2

12.2.2	Oom Chai het besluit om die boumateriaal van sekere van die Afrikanerplaashuise te herwin ✓voordat hulle die huise aan die brand sou steek. Teen die einde van die oorlog het oom Chai en Corporal Lewis die gebruikte sinkplate en ander herwonne boumateriaal gaan haal en onder mekaar verdeel✓. Op versoek van oom Chai het Corporal Lewis by die dorpsraad voorspraak gedoen vir die stigting van 'n bruin gemeenskap. ✓ Die Vatmaar-gemeenskap is begin met die gestroopte boumateriaal van die vernietigde plaashuise, wat hulle "Vatmaargoed" genoem het. ✓	4	2.2.4.3	3
12.3.1	Hy was van Sotho-afkoms✓	1	2.2.2.1	1
12.3.2	Hy het jare lank hard vir 'n witman gewerk en geen betaling daarvoor ontvang nie.	2	2.2.2.1	1
12.4	Alhoewel die een wit (Engels) en die ander bruin (Afrikaans) was, ✓ betoon hulle opregte broederlike liefde teenoor mekaar. ✓	2	2.2.4.5	3
12.5	Oupa Lewies en Sus Ruth; Oupa Lewies was 'n Engelsman ✓ en Sus Ruth was 'n swart vrou ✓	2	2.2.4.5	3
12.6	Die materiaal waarmee die eerste huise opgerig is, was van die plaashuise van Boere in die oorlog ✓✓	2	2.2.2.1	1
12.7	Die roman handel nie oor een deurlopende storie nie, ✓ maar bevat afsonderlike stories van verskillende karakters. ✓	2	2.2.4.3	1
12.8	Hulle het mekaar omhels asof hulle (eie) broers was. ✓	1	2.2.4.3	1
12.9	Dit is simbolies van die nedersetting Vatmaar waar verskillende mense vanuit alle oorde en van alle soorte tuis was. ✓	1	2.2.4.4	2
12. 10	Alhoewel Oom Chai Afrikaanssprekend was, ✓ gebruik hy Engels omdat dit Oupa Lewies se taal was. ✓	2	2.2.4.4	2.
12.11	Einde van Anglo-Boereoorlog (Suid-Afrikaans oorlog); Groot Depressie; runderpes; SA 'n Britse kolonie (Enige twee) ✓✓	2	2.2.2.1	1

AFDELING C: DRAMA

VRAAG 13

OPSTELVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS A Small

Die konflik tussen Maud en Cavernelis handel oor Cavernelis se obsessie om geld te maak. Maud sê hy is skaars by die huis dan is hy weer vort op sy fiets. Maud soek skoor met hom en probeer hom uitlok, want sy vereensaam en voel afgeskeep en uitgesluit. Cavernelis probeer die konflik ontlont deur te sê dat sy haarself nie so moet opwen nie. Hierdie poging is onsuksesvol, want Maud hou aan en vertel ook vir Cavernelis hoe Richie en Cyril met hom spot en hoe hulle Blanchie teister. Uiteindelik is Cavernelis so ontstel dat hy besluit om te gaan en onderklere te gaan smous. Op hierdie manier word die konflik ontlont (Cavernelis onttrek), maar nie opgelos nie.

Maud kom ook in uiterlike konflik met die kerrimspeles Cyril en Richie. Hulle beweer dat sy hulle afluister en op hulle spioeneer, wat sy ontken. Daarna skel hulle op mekaar tot Maud hulle toesnou dat hulle nie eers respek vir ‘n Sondag het nie. Cyril ontmasker haar as skynheilig en wys haar daarop dat haar man en haar stiefdogter nog minder respek vir ‘n Sondag het omdat hulle op die Sondag “werk”. Omdat dit waar is en Maud niks hierop kan sê nie, blaas sy die aftog.

Maud se grootste uiterlike konflik is egter met Blanchie. In hierdie konfrontasie het sy bepaald die oorhand. Al die vemoedens wat sy heimlik gekoester het dat die geldmaakskemas gaan misluk en dat daar niks van gaan kom nie, word bewaarheid. Sy is onsimpatiek teenoor Blanchie en wreed teenoor Cavernelis.Sy beweer dat sy van die begin af geweet het dat Blanchie nooit Parys toe sal gaan nie en dat die geld nie sal inkom nie. Sy sê ook vir Blanchie dat sy haar gewaarsku het dat die klomp fashion-moffies en hulle wit vriende haar net gebruik het en dat hulle haar in die steek gaan laat.

Omdat dit waar is en Blanchie geen verweer het nie, skreeu sy vir Maud om stil te bly. Sy wys Maud daarop dat sy net so graag soos hulle uit die township wil wegkom.

Uit frustrasie kry Blanchie vir Maud beet en pluk sy haar rond, waarop Maud reageer en hulle aan mekaar pluk. Die uiterlike konflik het nou van ‘n woordstryd in ‘n fisiese stryd oorgegaan. Dit raak ook meer persoonlik as Maud Blanchie ‘n “bitch, ‘n teef, en ‘n jintoe!” noem.

Uiteindelik besef Maud en Blanchie dat hulle niks bereik nie en vra hulle mekaar om verskoning, waarna die konflik opgelos word en die twee vroue met mekaar versoen.

VRAAG 14

KONTEKSVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS A
Small

Vraag	Antwoord	Punt	LU en AS	Barrett
14.1	"Now stop crying sweetheart, crying won't help"√	1	2.2.2.1	1
14.2	Jy vertrou mense en doen goed/dinge vir hulle√ en dan steek hulle jou in die rug/stel jou teleur√	2	2.2.4.9	3
14.3	Hulle het vir haar allerhande beloftes gemaak √ en haar met "sweet talk" mislei. √	2	2.2.4.9	3
14.4	Blanchie sal 'n modelkontrak in Parys (Frankryk) kry√ en die geld sal inrol. √	2	2.2.4.9	3
14.5	Ja. Sy sou hulle dan kon dagvaar√√ Nee. Selfs skriftelike kontrakte is nie veel werd as jy met skurke wat jou misbruik deurmekaar is nie. √√ (Die geldige motivering bepaal die punt.)	2	2.2.4.9	3
14.6	'n Mooier meisie √ of 'n nuwe minnares het haar plek ingeneem. √	2	2.2.4.10	2
14.7	Die briefskrywer se vermetelheid om Blanchie as "Liewe/Beste Mejuffrou Cavernelis" aan te spreek √ en om van homself in die meervoud te praat. √	2	2.2.4.9	3
14.8	Daar was volgens gerugte 'n koerantberig oor Blanchie se toekomstige modelwerk in Parys √. Die koerant het oor haar geskryf :Top Township girl for Paris? √	2	2.2.4.10	2
14.9	Hulle wou so vinnig as moontlik so veel as moontlik geld in die hande kry√ om uit die township te ontsnap en weg te trek na beter omstandighede. √	2	2.2.4.10	2
14.10	Maud is self net so skuldig omdat sy ook, soos Cavernelis en Blanchie, uit die township wil wegkom. √ Tommy sê dat sy nie anders as Cavernelis is nie. √	2	2. 2.4.10	2
14.11	Sy weet dat hulle nou gekke in die gemeenskap gaan wees en dat almal agteraf oor hulle gaan praat en hulle gaan uitlag. √ Sy besef dat hulle aanstellerigheid van die verlede nou tot hulle vernedering gaan lei. √	2	2.2.4.10	2
14.12	modegekke/ spoggerige ventjies√ meisie/minares√ vermetelheid√ woonbuurt√	4	2.2.4.7	3

VRAAG 15

OPSTELVRAAG: MIS **R de Wet**

Die konstabel maak net die inligting oor homself bekend wat hy kan gebruik om mense mee te manipuleer. Vergelyk sy vertelling van tant Hannie aan Gertie. Hy weet dat sy seksueel gefustreerd is en bevry haar in ’n mate van hierdie frustrasie.

Later, as die nar teenoor Meisie, speel hy sy nuwe rol ten volle en manipuleer hy haar binne die situasie sonder om veel informasie oor homself te verstrek.

Hy is besonder gevoelig/sensitief vir menslike swakhede en verskuilde konflikte in die karakters en buit dit uit. Hy manipuleer die drie met sy demonstrasies van ’n verskerpte reuksintuig deur elkeen se ouderdom en seksuele status korrek te skat.

Sy toweragtige of magiese aard spruit uit die feit dat hy geheimsinnig is – hy sê niks oor sy herkoms nie. Hy dra ’n polisie-uniform en is, vreemd genoeg vir ’n konstabel, blind. Hy dra ’n stok en donkerbril. Hy het ’n sak by hom. Hulle noem hom “snuf-in-die-neus”.

Sy uniform bied hom die geleentheid om as beskermer voor te kom en op te tree. Hy verteenwoordig veiligheid en orde in die gemeenskap, asook goeie waardes.

Aan die einde van die drama is hy kaal bolyf met die polisie-uniform se baadjie onderstebo sodat hy ’n hofnar word. Saam met die nuwe kostuum word hy ook siende. Hy haal nie ’n ander baadjie uit nie; dieselfde baadjie word net omgedop. Dit skep die illusie van twee in een, dit weerspieël die transformasie. Hy is twee helftes van een.

Geklee in die narrebaadjie, word hy die flambojante bevryder wat Meisie uit die mis laat ontluik as blom, “toor” hy as ’t ware haar uit haar beknelling uit en laat haar tot wasdom ontvou.

Pa se naam (Gabriël) is gepas omdat hy al sewe jaar bo in die solder “woon”. Hy word nooit gesien nie. Die naam Gabriël is egter ook ironies omdat Gabriël in die Bybel as die draer van goeie tyding bekend staan. Pa bring egter geen tyding nie, net lyding vir Miem wat nou alleen moet sien en kom klaar. Verdere ironie in sy naam is geleë in die feit dat hy, anders as ‘n beskermengel, nie sy gesin teen die indringer kan beskerm nie.

Miem het ‘n onwrikbare geloof in hom en aanvaar wat hy doen. Sy glo hy sal afkom as Meisie trou.

Teenoor die vroue tree hy op as ‘n ’n selfsugtige karakter wat geensins aan sy gesin dink nie – iets wat vir die man van daardie jare nogal baie belangrik was. Hy is ook nie baie konsidererend teenoor die vrouens wat die slopemmer moet leegmaak nie: hy wag twee dae.

VRAAG 16

KONTEKSTUELE VRAAG: MIS **Reza de Wet**

Vraag	Antwoord	Punt	Lu en As	Bar ret
16.1	Gertie kyk na die sirkusliggies buite.	1	2.2.2.1	1
16.2	Die sirkusruimte is vrolik✓ en helder verlig✓, terwl die kombuis benouend/beklemmend/ morbied✓en dof verlig✓ is.	4	2.2.4.9	3
16.3	Miem is dominerend ✓, gasvry ✓en besorgd✓.(Enige twee)	2	2.2.4.10	2
16.4	Meisie is bekommerd oor gevaar wat van buite kan kom, terwyl die gevaar eintlik alreeds binne in die huis is in die persoon van die konstabel. ✓	1	2.2.4.9	3
16.5	As streng Calvinis glo sy dat alles buite die kerk boos is. Die sirkus is vir haar die verteenwoordiging van die bose✓ Daarom belet sy Gertie om deur die venster na die bose sirkusliggies te kyk✓. Miem wil Meisie teen alle boosheid beskerm. Sy stel Meisie telkens gerus en noem dat sy veilig is omdat Wagter hulle sal waarsku en die konstabel daar is. ✓.	4	2.2.4.9	3
16.6.1	Sy wil nie vir Gertie alleen by die konstabel los nie, want sy wil Meisie aan hom afsmeer. ✓	1	2.2.4.10	2
16.6.2	Miem en Meisie maak goiingsakke waarin hulle verskillende soort mis sit. ✓ Hulle verkoop die mis dan aan die boere wat dit as bemesting gebruik wanneer hulle plant. ✓	2	2.2.4.10	2
16.6.3	Bemesting✓; Mistigheid (weerstoestand)✓; mis-verstand/Jy het dit mis✓; die alledaagse (boerheid van menslike uitskot)✓; die godsdienstige (Katolieke) Heilige Mis✓ (Enige 3)	3	2.2.4.10	2
16.7	Nee. Miem het die konstabel nie weer gesien nie, maar Meisie wel omdat sy in die geheim afgespeek het om die konstabel weer te ontmoet. ✓✓	2	2.2.4.10	2
16.8	Gertie vind bevryding deurdat sy deur middel van Konstabe se vertelling van tant Hannie✓transformeer. Sy word as't ware tant Hannie wat uittrek en dans en mooi hare het✓. Die bevryding is nie volledig nie✓, want Miem kom in en Gertie moet na buite vlug in haar onderklere. As sy terugkom, het sy weer haar ou klere aan en is sy weer vasgevang. ✓	3	2.2.4.9	3
16.9	Sy is gedienstig/ wil hom tevrede stel✓. Sy tel sy stok op OF bied vir hom koffie aan. ✓ (Enige gepaste motivering)	2	2.2.4.9	3

[25]
TOTAAL: 80

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE

RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL **HUISTAAL** **10 PUNTE**	**TAAL** Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word..	- Baie goeie koherente struktuur. - Uitstekende inleiding en samevatting. - Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik. - Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek.	- Opstel goed gestruktureer. - Goeie inleiding en samevatting. - Maklik om argumente en gedagtegang te volg. - Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel. - Goeie aanbieding	- Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente. - Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer. - Kan vloei van argumente volg. - Taal, toon en styl grootliks korrek.	- Sommige bewyse van stryktuur. - Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie. - Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. Paragrafering meestal korrek.	- Bewyse dat struktuur swak beplan is. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute is sigbaar. Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie. - Paragrafering gebrekkig.	- Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente. - Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks nie. - Paragrafering verkeerd.	- Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is. - Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie. - Taal is swak. verkeerde taal en styl. - Paragrafering nie korrek nie, koherensie ontbreek.
IN HOUD Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verantwoording en beheersing van gedig.		**7** **80 – 100%**	**6** **70 – 79%**	**5** **60 – 69%**	**4** **50 – 59%**	**3** **40 – 49%**	**2** **30 – 39%**	**1** **0 – 29%**
- In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken. - Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89% - Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word. - Genre en gedig word uitstekend verstaan.	**7** **80 – 100%**	**8 – 10**	**7 – 7 ½**	**7 – 8**				
- Bo gemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken. - Uitgebreide respons. - Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word. - Genre en gedig word baie goed verstaan -	**6** **70 – 79%**	**7 ½ – 8 ½**	**7 – 8**	**6 ½ - 7 ½**	**6 – 7**			

- Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed. - Redelike uitgebreide respons. - Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie. - Genre en gedig word verstaan.	**5 60 – 69%**	**7 – 8**	**6 ½ - 7 ½**	**6 – 7**	**5 ½ - 6 ½**	**5 – 6**		
- Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie. - Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp. - Meeste argumente ondersteun onderwerp, maar bewyse is nie oortuigend nie. - Genre en gedig word basies verstaan.	**4 50 – 59%**		**6 – 7**	**5 ½ - 6 ½**	**5 – 6**	**4 ½ - 5 ½**	**4 – 5**	
- Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord. - Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp. - Argumente nie oortuigend nie en baie min bewyse uit gedig. - Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie.	**3 40 – 49%**			**5 – 6**	**4 ½ - 5 ½**	**4 – 5**	**3 ½ - 4 ½**	**3 – 4**
- Swak begrip van onderwerp. - Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie. - Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig.	**2 30 – 39%**				**4 – 5**	**3 ½ - 4 ½**	**3 – 4**	**1 – 3 ½**

- Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie. - Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig.	**1** **0 – 29%**					**3 – 4**	**1 – 3 ½**	**0 – 3**

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA
Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

KODES EN PUNTETOEKENNING		**INHOUD [15]** **Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.**		**STRUKTUUR EN TAAL [10]** **Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.**
Kode 7 **A** **80 - 100%**	Uitmuntend **12 tot 15 punte**	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend **08 - 10 punte**	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 **B** **70 - 79%**	Verdienstelik **11 punte**	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdienstelik **07 punte**	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 **C** **60 – 69%**	Beduidend **09 of 10 punte**	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend **06 punte**	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 **D** **50 – 59%**	Voldoende **08 punte**	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende **05 punte**	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 **E** **40 – 49%**	Matige **06 of 07 punte**	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige **04 punte**	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 **F** **30 – 39%**	Basiese **05 punte**	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese **03 punte**	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 **F tot H** **0 – 29%**	Ontoereikend **0 tot 5 punte**	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend **00 - 02 punte**	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.

Kopiereg voorbehou